Tema: Begryp jy die voorreg en verantwoordelikheid dat die Heilige Gees Christus al hoe helderder uit jou laat skyn?

Vooraf sang
Ps 149 - 1: 1,2 (eerste mel)
Ps 150 - 1: 1,2.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 151:1,2
Votum
Seën
Lofsang: Lied 200: 1,2,3
Geloofsbelydenis uit HK Sondag 1 interaktief.

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 34: 1 - 35: 3
Sing Sb 12 - 4: 1,2,3
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing 2 Kor 3: 1 - 4: 6
Teks: 2 Kor 3: 17 - 18
Sing Lied 334: 1,2,3
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB: Cornelius Bediening van Neels en Susan de Waal
Sing Sb 14 - 1: 3
Seën
Amenlied Sb. 13– 2.

Geliefde brs. en srs. en liewe kinders

Baie keer waardeer ŉ mens wat jy het en wat jy is wanneer jy jouself vergelyk met ander wat minder as jy het en is. Die waarde van wat jy is en het word nog beter gesien as jy dit vergelyk met mense wat niks het nie. Wanneer jy opnuut besef wat jy het, waardeer jy dit opnuut dan kan jy dit ook beter benut!

Dit is wat Paulus ook in ons teksgedeelte doen met die gelowiges in die gemeente van Korinte. Hierdie was ŉ moeilike gemeente in moeilike omstandighede. Hulle was in ŉ stad met baie afgodstempels en gepaardgaande losbandigheid en sedeloosheid. Daarom het die gelowiges ook baie gesukkel om getrou aan die Here te lewe. Daar was probleme met losbandigheid en huweliksontrou. Hulle het gesukkel om los te skeur van die afgodery en rein te lewe.

In die gemeentelike lewe het dit ook rof gegaan. Daar was probleme met nagmaalgebruik en gemeentelede wat nie mekaar in ag neem nie. Daar was probleme met die beoefening van verskillende geestelike gawes en geestelike hoogmoed by sommiges. Daar was gedurige onenigheid en verdeeldheid onder die lidmate. Daar was ook ŉ bakleiery in die gemeente oor wie nou eintlik die leiers van die gemeente is en hulle het ook ŉ rusie met Paulus gehad oor sy leierskap as apostel van die Here.

Teen hierdie agtergrond skryf Paulus oor sy bediening aan hulle en vergelyk het dit met die bediening van die Ou Testament. Hy wil aantoon dat die bediening deur die Gees ŉ bediening van groter heerlikheid en groter verantwoordelikheid is. Hy wil ook toon die voorreg wat die gelowiges het teenoor hulle wat glad nie deel in die heerlikheid van Christus nie. Meer nog: dat die Heilige Gees die heerlikheid in jou laat toeneem! Paulus wou hulle met hierdie besef uitlig uit die slegte situasie waarin die gemeente verkeer het.

Die Here sê vir hulle en ook vir my en jou: Begryp jy die voorreg en verantwoordelikheid dat die Heilige Gees Christus al hoe helderder uit jou laat skyn?

Br. en sr., verstaan ons nog die heerlikheid waaraan ons deel, die heerlikheid van God self? Besef ons die voorreg om daaraan te deel maar ook die verantwoordelikheid wat dit meebring? Dat die Heilige Gees hierdie heerlikheid in ons laat groei sodat dit altyd duideliker uit ons lewe kan blyk?

Kom ons gaan kyk in die eerste plek weer ŉ bietjie wat ons is en het.

Paulus verwys na die OT waar God die wet op kliptafels geskryf het en dit aan die volk gegee het as die manier waarop hulle moet lewe! Ons het in Eks 34 gelees hoedat Moses as tussenganger tussen die volk en die Here opgetree het. En terwyl Moses op die berg by die Here was, het die heerlikheid van die Here so op Moses geskyn dat sy gesig daarvan begin blink het. (Wys skyfie 1) Dink bietjie daaraan: om so naby aan God te wees dat sy heerlikheid jou voorkoms verander! Wat ŉ voorreg!

Kinders, heerlikheid beteken: dit is ʼn uitstraling van God se grootheid, God se krag, God se glans wat skyn soos ʼn helder lig waarin jy nie kan kyk nie. Soos die son – jy kan nie in die son met jou blote oog kyk nie – net so skerp en oorweldigend is die Here se grootheid vir mense. En Moses het iets daarvan beleef.

Hierdie heerlikheid van die Here was so intens en groot dat die volk nie na Moses kon kyk nie! (Wys skyfie 2) Die heerlikheid van die Here was te oorweldigend vir sondaar mense en hulle kon dit nie aanskou nie!

Daarom het Moses ʼn sluier of doek oor sy gesig gehang sodat die heerlikheid van die Here gedemp kan word en mense na hom kan kyk terwyl hy vir hulle die wil van die Here leer. (Wys skyfie 3).

Omdat Moses ʼn sondaar was, het die heerlikheid van die Here en die glans van sy gesig mettertyd verdwyn en dan het Moses die sluier opgehou sodat die volk nie kan sien dat die heerlikheid weggegaan het nie.
Wat is die betekenis hiervan? Dit beteken dat die bedeling van die OT waar God sy wet op klippe neergeskryf het en Moses dit vir die volk moes leer, was so groot in heerlikheid dat mense dit nie in die teenwoordigheid van God kon hou nie!

Maar die bedeling van die NT, die bedeling waarin Christus vir ons sonde betaal het en vir ons die volle heerlikheid van God kom toon het, is nog groter in heerlikheid as dit wat Moses en die volk beleef het! Maw. brs. en srs., wat ons van Christus en deur die werk van die Heilige Gees ontvang het, is baie beter en heerliker as wat die gelowiges in die OT ontvang het! Die wet is nou nie op koue klippe geskryf en gevolg deur heerlikheid wat na ʼn tyd vergaan nie, maar God het nou sy wet op ons harte geskryf en dit word in en deur Christus in volle heerlikheid aan ons getoon.

Vers 18 sê ons sien die heerlikheid van God in Christus soos in ʼn spieël! (Wys skyfie 4)
Omdat ons nog in die sondige bedeling is, kan ons God self nog nie sien nie, maar Christus is soos ʼn spieël waarin ons die wonderlike heerlikheid van God kan sien!

En dit sonder ʼn sluier oor ons gesig! (wys skyfie 5) Omdat Christus vir ons sonde betaal het en ons deur sy opstanding deel laat kry het aan die nuwe lewe, kan ons sonder verhindering die heerlikheid van God in Christus sien.

Maar brs. en srs., daar is nog meer! Vers 18 sê hierdie heerlikheid van God wat in Christus op ons skyn, weerkaats nie net van ons gesig af soos met Moses nie! Nee, ons word verander om self na die beeld van Christus te lyk! God se heerlikheid in Christus verander ons sodat ons soos Christus lyk! Dat ons soos Christus kan leef!
Sien julle hoe beter is ons af as die gelowiges in die OT! Ons deel aan ʼn bedeling waarin ons self aan die heerlikheid van Christus kan deel en dit uitstraal! (Wys skyfie 6)

Maar daar is nog meer, brs. en srs.! Ons word nie net verander om die beeld van Christus se heerlikheid te dra nie, die Heilige Gees doen nog meer! Ons heerlikheid vergaan nie soos by Moses nie, ons heerlikheid bly nie dieselfde nie! Nee, die heerlikheid van Christus word deur die geestelike groeiwerk van die Heilige Gees elke dag nog duideliker en duideliker gemaak in ons lewe! Die heerlikheid skyn al hoe helderder!

Geliefde br. en sr., besef jy dan wie en wat jy is? Besef jy hoeveel meer het ons ontvang? Besef jy die voorreg om te kan wees wat God in jou in Christus gemaak het! Om te kan sien en weet en beleef wat ons van God ontvang!

Paulus maak nog ŉ vergelyking! Hy vergelyk ons heerlike lewe in verse 13 – 15 met mense wat dit glad nie kan sien of beleef nie! Hier gebruik Paulus die sluier metafories op ŉ ander manier. Hy sê: diegene wat nie in Christus glo nie – kan niks van die heerlikheid van die ou bedeling of die nuwe bedeling sien nie! As jy nie in Christus glo nie, dan trek God vir jou ŉ sluier oor jou oë sodat niks hiervan kan sien nie en in absolute donkerte en verlorenheid lewe! Sonder hoop, sonder liefde, sonder lig, sonder leiding, sonder krag. Sonder God is dit absoluut donker in jou lewe!

Geliefde br. en sr., sien jy nou wat ons in Christus is en wat ons ontvang het!

En nou tweedens die vraag: Kan mense Christus in jou lewe raaksien? Kan hulle sien hoe Hy sy heerlikheid in en deur jou al hoe meer en duideliker word? Sien mense die groeiwerk van die Heilige Gees in jou lewe? Dat jy nie taan in heerlikheid nie, dat jy nie maar net dieselfde bly nie, maar dat jy groei in heerlikheid!

Ek wil vir ons kinders nog ŉ metafoor wys om hierdie helderwordende beeld van Christus in ons lewe te verduidelik. Julle almal ken daardie stelling wat mens op jou selfoon kan maak om die skermliggie donkerder of helder te laat skyn. Gewoonlik is dit so ŉ skuifstelling wat mens met jou vinger trek en dan word die skerm donkerder of helderder. Net so laat die Heilige Gees die lewe van Christus in ons al hoe duidelik word- dat mense dit mooi kan sien.

Daarom br. en sr. vra die Here weer: Wat sien mense as hulle na jou kyk? Sien hulle God se heerlikheid in Christus raak? (Wys skyfie 7 en hou dit op)
Is dit wat mense in jou sien?

Jy het die voorreg om die heerlikheid van God te dra en uit te straal!
Die voorreg om te deel in die nuwe lewe in Christus. Die voorreg om te deel aan al die heerlike gawes van God! Wat ‘n voorreg om nou reeds te weet dat ons die ewige lewe het!

Die voorreg om God se krag in jou te hê – soos Paulus in hf. 4: 7 – 9 sê: Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. [8]In alles word ons verdruk, maar ons is nie te neergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9]ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.

Ook in vers 16: [16]Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.

Dit is die heerlike voorreg wat God ons gemaak het en wat God ons gegee het.
Maar ons het ook ’n geweldige verantwoordelikheid! Dink net daaroor na! Dat ek Christus se heerlikheid moet toon! Sy liefde, sy getrouheid, sy vrede, sy genade, sy vergifnis, sy rein lewe, waarheid, heiligheid en sy hoop!

Wie ek, Here? Ja, ek! Want God die Heilige Gees is kragtig in my lewe aan die werk! Hy laat dit in my groei! Bid daarom dat die Heilige Gees in jou werk! Wees gehoorsaam aan die Woord van God want dit is die waarheid waarin die Gees jou lei. Buig jou wil en volg die Heilige Gees waar Hy jou lei. Moenie die Gees van God bedroef met eiewilligheid en ongehoorsaamheid nie! Blus nie sy werk in jou uit deur te volhard in jou sonde nie!

Geliefde, br. en sr. en liewe kinders, wat ook al in jou persoonlike geloofslewe aan die gang is, met watter sondes jy ook al worstel, kyk opnuut vanmore wat God jou gemaak het en wat jy van Hom ontvang het! Besef jou voorreg, maar ook jou verantwoordelikheid.

Wat ook al in ons gemeente se lewe aan die gang is, watter foute en sondes hier ook is en watter tekortkominge ook al, kom ons besef weer wie ons is en wat ons van God ontvang het! Besef jou voorreg in hierdie gemeente, maar ook jou verantwoordelikheid!

Wat ook al in jou wêreld gebeur, by jou gesin, met jou werk of in jou leefwêreld: besef weer opnuut wie en wat God jou gemaak het en wat jy van Hom ontvang het! Tel jou seëninge maar kom ook jou verantwoordelikheid na!

Ja, laat Christus dan elke dag helderder en helderder uit jou lewe skyn! Wat ‘n voorreg! Wat ‘n verantwoordelikheid!

Amen